

Onse Vader

Ek kannie bid **ONSE** as ek net vir myself leef nie .

Ek kannie bid **VADER** as ek nie sy kind geword het nie.

Ek kannie bid **WAT IN DIE HEMEL IS** as ek nog aardgebonde is nie .

Ek kannie bid **LAAT U NAAM GEHEILIG WORD** as ek dit ydelik gebruik nie.

Ek kannie bid **LAAT U KONINKRYK KOM** as ek nie sy Woord uitdra nie.

Ek kannie bid **LAAT U WIL GESKIED** as ek altyd my eie sin wil hê nie.

Ek kannie bid om my **DAAGLIKSE BROOD** as ek spandabelrig lewe nie.

Ek kannie bid **VERGEEF ONS ONS SKULDE** as ek nie berou het nie.

Ek kannie bid **SOOS ONS ONS SKULDENAARS VERGEWE** en met 'n wrok rondloop nie.

Ek kannie bid **AAN U BEHOORT DIE KONINKRYK** as ek Jesus nie dien nie

Ek kannie bid **EN DIE KRAG** as daar nog vrees in my hart is nie.

Ek kannie bid **EN DIE HEERLIKHEID** as ek my lewe regeer nie .

Ek kannie bid **TOT IN EWIGHEID** as ek nie sy koms verwag nie.

Ek kannie sê **AMEN** as ek nie kinderlik glo nie.